ONTWIKKELING VAN PML SIMULASIE-SAGTEWARE

deur

GYSBERT JOHANNES BOOYSEN

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir:

MEESTERSDIPLOMA IN TEGNOLOGIE

Elektriese Ingenieurswese (Swakstroom)

In die Fakulteit Ingenieurswese aan die Tecnikon O.V.S.

Datum van inhandiging: JUNIE 1994

Studieleier: Mnr. G.D. Jordaan

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank vir hulle bydrae tot die voltooing van die projek:

My studieleier, Mnr. G.D. Jordaan, vir sy hulp en leiding gedurende die verloop van die projek.

Technikon O.V.S. vir die bereidwilligheid om die projek te hanteer.

Telkom, vir die geleenthede wat hulle aan my gebied het.

My ouers vir die opvoeding en geleenthede aan my verskaf om tot op hierdie vlak te vorder.

My vrou, Hannie, vir haar ondersteuning en aanvaarding vir die tyd wat ek van haar moes ontneem om die projek te voltooi.

UITTREKSEL

Programmeerbare logika bied 'n gunstige alternatief vir 'n wye verskeidenheid van logika toepassings en word steeds belangriker in digitale ontwerpe.

Die projek het die ontwikkeling van 'n volledige stel sagteware vir die implementering van verskeie programmeerbare matriks logika (PML) toestelle behels. Die sagteware behels die volgende programme:

- *PML-databasis sagteware:* Tydens die bepaling van 'n sekeringkaart, voorbereiding van 'n JEDEC lêer en die simulering van die verwagte werking van 'n PML word 'n groot hoeveelheid inligting van die besondere komponent benodig. Sodanige inligting word aan die stelsel beskikbaar gestel deur die uitvoering van hierdie program.

- S*ekeringkaart sagteware:* Die gebruiker van 'n PML spesifiseer die verlangde werking daarvan d.m.v. Boole uitdrukkings. Hierdie program maak die invoer en wysiging van sodanige uitdrukkings moontlik. Dit lewer ook 'n skematiese voorstelling van die geprogrammeerde PML vir evaluering deur die gebruiker. Kommersiële PML programmeerders benodig JEDEC lêers as inset. Sodanige lêers word ook deur hierdie sagteware geskep en gestoor.

• *Simulasie sagteware:* Die gebruiker van 'n PML kan die korrektheid van die Boole uitdrukkings verifieer deur die verwagte werking van 'n PML wat daarvolgens geprogrammeer sou word, te simuleer. Sodanige simulasie word aan die hand van die betrokke JEDEC lêer gedoen. Hiertydens word insetstimulante op die kring na willekeur geselekteer en die verwagte werking van die PML word in die vorm van 'n waarheidstabel gelewer.

Evaluering van sagteware: Die korrekte werking van die sagteware is bevestig deur die praktiese implementering van 'n verskeidenheid ontwerpe. Verskeie van hierdie kringe is in onverwante projekte gebruik en bevredigende resultate is daarmee behaal.

Besondere kennis aangaande onderstaande is ingewin:

• Eienskappe en programmering van PMLs.

• Formaat en samestelling van JEDEC lêers.

• Die beginsel en toepassing van simulasie van elektroniese kringe in die algemeen - en PMLs in die besonder.

SYNOPSIS

Programmable logic offers a favourable solution to a variety of logic applications and is of increasing importance in digital designs.

The work in this project concerns the development of a complete set of software for the implementation of a variety of Programmable array logic (PAL) devices. The software consists of the following programs:

- *PAL database software:* A large amount of information regarding the specific component is needed for the determination of the fuse map, preparation of the JEDEC file and simulation of the expected operation of a PAL. The necessary information is made available to the system by the execution of this program.

- *Fuse map software:* The user of a PAL specifies the desired operation thereof by means of Boolean expressions. The program which has been developed makes the input and modification of such expressions possible. It also produce a schematic representation of the programmed PAL for evaluation by the user. Commercial PAL programmers use JEDEC files as input. Such files can also be compiled and stored with this software.

• *Simulation software:* The user of a PAL can verify the correctness of a Boolean expression by simulating the expected operation of a PAL which has been programmed in this way. This simulation is performed by using the relevant JEDEC file. During simulation, input stimuli for the circuit are selected randomly by the operator, and the expected operation of the PAL is represented in the form of a truth table.

Evaluation of the software: Correct operation of the software was verified by the practical implementation of a variety of designs. A number of these circuits were used in unrelated projects and satisfactory results have been achieved.

Particular knowledge regarding the following has been obtained:

• Characteristics and programming of PALs.

• Format and construction of JEDEC files.

• Principles and applications of simulation of electronic circuits in general and PALs in particular.

INHOUD

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

HOOFSTUK 2

HOOFSTUK 3

HOOFSTUK 4

HOOFSTUK 5

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 2

HOOFSTUK 5

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 OORSIG

'n Programmeerbare logika toestel (programmable logic device) is 'n grootskaalse integrasie (LSI) toestel waarvan die kringstruktuur deur die ontwerper verander kan word vir 'n spesifieke toepassing. Daar word aanvaar dat programmeerbare logika elke dag belangriker word in digitale ontwerpe.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Wanneer 'n programmeerbare matriks logika (programmable array logic) toestel geprogrammeer word met 'n programmeerbare matriks logika (PML) programmeerder (en die apparaat verifieer dat die toestel wel korrek geprogrammeer is) gebeur dit tog soms dat wanneer hierdie toestel in gebruik geneem word dit nie funksioneer soos verwag is nie.

Om hierdie probleem te oorkom is dit wenslik om oor 'n program te beskik wat in staat is om die werking van die PML ontwerp te simuleer. Dit sal dus toelaat dat 'n baie komplekse ontwerp in 'n vroeë stadium geevalueer kan word

en verhoed dat ontwerpfoute by die hardewarevlak gediagnoseer moet word.

1.3 DOELWIT VAN PROJEK

Die hoofdoel van die projek was om sagteware te ontwikkel wat die werking van 'n PML toestel kan simuleer. Dit het ook die ontwikkeling van sagteware behels om 'n kring as 'n sekeringkaart voor te stel en die sekeringkaart om te skakel na 'n JEDEC (Joint Electronic Device Engineering Council) lêer.

Die werking van die PML ontwerp word vanaf die JEDEC lêer gesimuleer. Die JEDEC lêer word vanaf die rekenaar na die PML programeerder d.m.v. 'n RS232 koppeling oorgedra ten einde die PML te programmeer.

1.4 HIPOTESE

Na die mening van die navorser kon sagteware ontwikkel word om die volgende funksies te verrig:

- 'n JEDEC lêer vir die programmering van 'n PML te genereer ter realisering van 'n stel Boole uitdrukkings.
- Die verwagte werking van die PML aan die hand van sodanige lêer te simuleer.

1.5 BELANGRIKHEID VAN PROJEK

Programmeerbare logika is 'n tegnologie wat tans 'n vlak van ontwikkeling en groei ondergaan wat dit stewig vestig as die mees betekenisvolle vooruitgang in die elektroniese industrie sedert die koms van die mikroverwerker (Levy,1986: 31).

Die ontwikkeling van programmeerbare logika het vinnig gegroei en teen 1990 was daar reeds sowat 3000 toestelle op die mark wat die meer as 300 afsonderlike argitekture en 'n verskeidenheid van name ondersteun (Levy, 1991: 56).

As gevolg van hierdie groeiende belang in programmerbare logika tegnieke is dit van die uiterste belang dat Suid-Afrikaanse ingenieurs en tegnici op hoogte bly van hierdie ontwikkeling. Die primêre doel van hierdie projek is om gespesialiseerde kennis in die verband op te doen.

1.6 METODE VAN NAVORSING

Die projek is in vier fases uitgevoer, nl:

- Ontwikkeling van PML-databasissagteware.
- Ontwikkeling van sekeringkaartsagteware.
- Ontwikkeling van simulasie-sagteware.
- Evaluering van die sagteware.

1.6.1 ONTWIKKELING VAN PML-DATABASISSAGTEWARE

'n Program is ontwikkel om 'n databasis daar te stel wat al die inligting omtrent elke PML wat met hierdie stelsel gebruik kan word te stoor. Hierdie data word benodig om die JEDEC lêer saam te stel sowel as vir die simulasieproses.

1.6.2 ONTWIKKELING VAN SEKERINGKAARTSAGTEWARE

'n PML toestel bevat 'n aantal sekerings wat in 'n bepaalde patroon voorkom. Deur hierdie sekerings in 'n vooraf bepaalde patroon te smelt kan 'n verlangde logiese werking verkry word. Daar word na hierdie patroon as die sekeringkaart verwys.

Sagteware is ontwikkel om so 'n sekeringskaart saam te stel en dan 'n JEDEC lêer te kompileer wat gebruik word om die PML te programmeer en om die werking daarvan te simuleer.

1.6.3 ONTWIKKELING VAN SIMULASIE-SAGTEWARE

'n Simulasieprogram is ontwikkel om die werking van 'n PML te simuleer. Hierdie program maak gebruik van die JEDEC lêer waarvolgens die PML geprogrammeer gaan word,

data in die PML-databasis en toetsvektore om die werking van die PML te simuleer.

Die toetsvektore word deur die operateur in die vorm van ene en nulle verskaf. Hierdie vektore en die resultate word dan in die vorm van 'n waarheidstabel op die skerm vertoon. 'n Uitdruk kan ook, indien verlang, verkry word.

1.6.4 EVALUERING VAN DIE SAGTEWARE

Na voltooiing van die sagteware was dit moontlik om die werking van verskeie PML kring ontwerpe te simuleer - wat wel met groot sukses gedoen is.

Die JEDEC lêers wat met die sagteware gekompileer is, is ook gebruik om 'n aantal PMLs te programmeer en die werking daarvan is getoets. Dit is dus 'n indirekte evaluering van die geldigheid van die JEDEC lêer sagteware.

HOOFSTUK 2

PML AS PROGRAMMEERBARE LOGIKA TOESTEL

2.1 INLEIDING

Programmeerbare logika toestelle (PLTe) is besig om in gebiede in te beweeg wat ontoeganklik was vir konvensionele logika. Alhoewel tradisionele logikafamilies waarskynlik nog vir baie jare sal bestaan word die ontwikkellende PLT tegnologie al hoe meer deur ontwerpers aangewend as 'n oplossing tot ontwerpprobleme (Frost, 1989b: 666).

PLTe is nie beperk tot enige spesiale toepassingsveld nie. Elke ontwerper van elektroniese kringe moet dit sien as 'n potensiële oplossing vir sy ontwerpprobleem (Bostock, 1987: 140).

PLTe sal waarskynlik mettertyd ontvou in kompleksiteit tot die vlak waarteen toepassing spesifieke geïntegreerde kringe (TSGK) tot onlangs aangebied is, en dit moontlik selfs verbysteek.

2.2 DIE AARD VAN PROGRAMMEERBARE LOGIKA TOESTELLE

Programmeerbare logika toestel is 'n algemene term vir alle toestelle wat deur die eindgebruiker geprogrammeer kan word (Frost, 1989a: 499). Die term programmeerbaar impliseer dat die funksie van die kring gespesifiseer kan word nadat die geïntegreerde kring vervaardig is (Prosser & Winkel, 1987: 143).

Volgens hierdie beginsel is mikrorekenaars ook programmeerbare logika toestelle, maar die definisie word beperk tot logika komponente met programmeerbare EN en/of OF matrikse. Die PLT laat die ontwerper dus toe om som-van-produkte funksies met 'n groot aantal veranderlikes te realiseer.

2.3 WAAROM PROGRAMMEERBARE LOGIKA?

Baie logika toepassings is te gekompliseerd vir mediumskaalse integrasie (MSI) toestelle en nie geskik vir die gebruik van 'n mikroverwerker nie. Programmeerbare logika toestelle bied dus die gunstigste oplossing tot 'n verskeidenheid van logika toepassings. PLTe kombineer programmeringsbuigsaamheid met hoë spoed en 'n omvattende keuse van koppelvlakopsies teen relatief lae koste (Lakshminarayanan, 1988: 4).

PLTe het dieselfde buigsame argitektuur as doelspesifieke geïntegreerde kringe (custom ICs), maar is meer geredelik beskikbaar en is goedkoper en makliker om te gebruik. Deur van PLTe gebruik te maak kan 'n ekwivalente logika ontwerp voltooi word teen 'n fraksie van die tyd benodig vir ander moontlike oplossings - wat weer die algehele ontwikkelingstyd van die produk (waarvan die PLT deel is) drasties kan verminder (Lakshminarayanan, 1988: 5).

Deur van 'n PLT in plaas van doelspesifieke geïntegreerde kringe gebruik te maak, kan kringe byna onmiddellik hervervaardig word deur eenvoudig 'n nuwe sekeringskaart saam te stel en dit te gebruik om die toestel te programmeer (Meyer, 1988b: 67).

Volgens Bolton (1990: 20) dra die volgende punte by tot die toenemende gebruik van programmeerbare logika:

- Stelsel ontwerp hoef nie op hekvlak uitgevoer te word nie. Funksionele beskrywings kan direk in 'n PLT beskrywing saamgestel word.
- Subsisteme met 'n kompleksiteit van 1000-2000 twee-insethekke kan in 'n enkele pakket geakkomodeer word.
- Met herprogrammeerbare PLTe, kan foute tydens die prototipe stadium opgespoor en herstel word sonder die verlies van 'n duur komponent.
- Moderne PLTe se spoed en kragvebruik is vergelykbaar met die van hoë spoed CMOS logika.
- 'n Klein kapitale belegging word verlang.
- Ontwerptyd is baie korter as met ander tipes van TSGK.

- Die funksie van 'n bestaande stelsel kan gewysig word deur slegs die PLT te vervang of te herprogrammeer.
- Gedrukte kringbord ontwerp kan vereenvoudig word, as gevolg van die vryheid van seintoewysings aan penne.

2.4 PLT KARAKTERISTIEKE

PLTe is 'n hele familie toestelle met 'n gemeenskaplike eienskap, nl. dat die basiese struktuur van almal bestaan uit 'n matriks van EN-hekke en OF-hekke soos geïllustreer in fig. 2.1.

Geïntegreerde kringe het aan die kringontwerper twee keuses gelaat vir die konstruksie van digitale kringe. Die een keuse is vaste funksie toestelle - soos die 7400 reeks - en die ander is doelspesifieke geïntegreerde kringe. Die ontwikkeling van PLTe bied nou aan die ontwerper 'n derde opsie, naamlik een tussen vaste funksie toestelle en doelspesifieke geïntegreerde kringe.

'n PLT kan gedefinieer word as 'n toestel met 'n ongebonde logikamatriks. Om hierdie rede beskou die meeste ontwerpers dit as 'n semi-unieke toestel, omdat die ontwerper dit kan programmeer na gelang van sy eie spesifikasies (Burton, 1990: 1). Voorbeelde van PLTe is Programmeerbare lees alleen geheues (PLAGs), Programmeerbare logika matrikse (PLMe) en Programmeerbare matriks logika (PML) toestelle.



Fig. 2.1: Basiese struktuur van 'n PLT.

Om die begrip t.o.v PLTe te vergemaklik is 'n spesiale konvensie aangeneem. Figuur 2.2(a) is 'n voorbeeld van 'n drie inset EN-hek volgens die konvensionele notasie. Figure 2.2(b) tot 2.2(d) is 'n soortgelyke EN-hek, maar volgens die PLT notasie. Daar moet op gelet word dat die hek met slegs een insetlyn getoon word. Daar word na hierdie lyn verwys as die produklyn. Die loodregte lyne A,B en C word as die insette beskou.

Figuur 2.2(b) is 'n voorbeeld van 'n hek waar al die sekerings gesmelt is, terwyl figuur 2.2(c) 'n hek toon waar al die sekerings nog ongeskonde is. Figuur 2.2(d) wys 'n ongebruikte hek waarvan al die sekerings nog ongeskonde is. 'n Asterisk (*) verteenwoordig 'n ongeskonde sekering wat dan daardie inset deel maak van die produkterm. Die afwesigheid van 'n asterisk verteenwoordig 'n gesmelte sekering wat daardie inset elimineer van die produkterm.



Fig. 2.2(a): EN-hek simbool



Fig. 2.2(b): PLT simbool waar al die sekerings gesmelt is.



Fig. 2.2(c): PLT simbool waar al die sekerings nog heel is.



Fig. 2.2(d): PLT simbool wat aandui dat EN-hek nie gebruik word nie.

In figuur 2.3 word van basiese PLT simbole gebruik gemaak om 'n twee inset programmeerbare EN-matriks wat 'n OF-hek voer te illustreer. Die uitset van die OF-hek is volgens die funksie $F = A\bar{B} + \bar{A}B$ geprogrammeer.



Fig. 2.3: Illustrasie van 'n basiese PLT.

2.5 PROGRAMMEERBARE MATRIKS LOGIKA (PML)

In 1978 het Monolithic Memories 'n programmeerbare matriks logika familie van omtrent vyftien toestelle

bekend gestel. Die doel was om dit moontlik te maak om die bestaande logika toestelle in 'n gegewe kring te verminder deur dit te vervang met PMLs. 'n Enkele PML kan 5 tot 10 logika toestelle in 'n kring vervang (Klingman, 1982: 96). Behalwe dat die PMLs deur die gebruiker geprogrammeer kan word, bied dit ook die volgende: tristaat uitsette, register uitsette en programmeerbare inset/uitset (dit beteken dat die uitsetpenne geprogrammeer kan word om as 'n inset of uitset te funksioneer). Hierdie karateristieke vergemaklik koppeling met mikroverwerkeenhede.

Die gebruik van hek matriks logika (gate arrays) was gewoonlik 'n groot uitdaging vir die onervare ontwerper. Selfs vir die ervare ontwerper was die ontwerpsiklus soms lank en duur terwyl die eindresultaat soms onbuigsaam en selfs foutief was. In teenstelling hiermee voorsien programmeerbare matriks logika 'n struktuurontwerp benadering wat eenvoudig en maklik is om te leer (Greiner & Schmitz, 1984: 243).

Die PML voorsien 'n sistematiese manier om komplekse logikafunksies te genereer. Programmeerbare matriks logika is 'n spesiale geval van programmeerbare logika matriks wat 'n vaste OF matriks het i.p.v. die programmeerbare OF matriks soos by gewone PLMs. Omdat die produkterme van 'n PML gebonde is tot 'n beperkte aantal vir elke uitset is die PML se gebruike meer beperk as die

van 'n PLM. PMLs is egter baie goedkoper en is makliker om te programmeer (Lam & O'Malley, 1988: 195).

Die programmeerbare lees alleen geheue (PLAG) voorsien 'n vooraf bepaalde stel produkterme en die ontwerper kan die gedrag van elke som-van-produkte spesifiseer. Hierdie struktuur is bruikbaar as 'n geheue en vir logika bewerkings wat voldekodering van insette verlang. Tog het die PLAG beperkte toepassings ten opsigte van algemene logika gebruike a.g.v. die beperkte aantal insetveranderlikes en die formaat van die uitdrukkings wat dit kan realiseer.

By die PML kan die ontwerper die gedrag van die produkterme spesifiseer, maar die Boolse sommering van produkterme vir realisering van 'n spesifieke uitdruking is nie programmeerbaar nie. Die programmeerbare produkmatriks en die nie-programmeerbare OF-matriks voldoen baie goed aan die vereistes van digitale ontwerpe (Prosser & Winkel, 1987: 147).

Die buigsaamheid van PMLs is tussen die van PLMe en PLAGs. In die praktyk is die PML egter by vêrre die mees bruikbare van die drie toestelle (Prosser & Winkel, 1987: 147). Eienskappe soos I/U penne, registers en veranderlike klok funksies maak PMLs ideaal vir implementering van logika funksies (Lakhminarayanan, 1988: 5).

2.5.1 PML BENAMING

Anders as by ander PLTe kan baie omtrent die stuktuur van die PML vanaf die toestel benaming afgelei word. PMLs word as volg genommer: PALmXn, waar die m die aantal insette na die EN-hek matriks voorstel, n is die aantal uitsette en X definieer die uitset struktuur.

Die algemene letters wat by PMLs gebruik word om die uitset struktuur te definieer is:

- H - aktief HOË uitset
- L - aktief LAE uitset
- R - uitset met wipkring
- P - programmeerbare polariteit
- S - gedeelde EN-hekke

'n Twintigpen PML het gewoonlik 18 logika verbindings. Indien m+n groter is as 18 beteken dit dat die PML Inset/Uitset (tweerigting) penne het. Die aantal toegewysde insetpenne kan dan bepaal word deur n af te trek vanaf 18. Dit kan makliker verduidelik word aan die hand van 'n voorbeeld.

Oorweeg die PAL16L8. Hier is m+n groter as 18 en dus is daar I/U penne teenwoordig. Dit lewer die volgende konstruksie:

- 10 insetpenne: 18-8= 10

- 6 penne is uitsette met terugvoer, of kan ook as insette gebruik word: 16-10=6
- 2 uitsetpenne (sonder terugvoer): 8-6=2

2.5.2 PML KONFIGURASIES

PMLs is beskikbaar in beide bipolêre en CMOS konstruksies. Eersgenoemde maak gebruik van smeltbare verbindings en kan slegs eenmaal geprogrammeer word. Laasgenoemde maak gebruik van geïsoleerde hek MOS en is UV of elektries uitveebaar (Horowitz & Hill, 1989: 502). 'n Ontwerper kan effektief 'n doelspesifieke geïntegreerde kring binne 'n paar uur ontwerp en maak deur gebruikmaking van 'n PML toestel (Uffenbeck, 1987: 311).

Verskeie PMLs is ontwikkel om die totale spektrum van logika funksies te dek. Dit laat die ontwerper toe om 'n PML te kies wat die beste by sy toepassing sal pas.

2.5.2.1 HEK MATRIKSE

'n PML implementeer som-van-produkte logika deur gebruik te maak van 'n programeerbare EN-matriks waarvan die produkterme 'n gebonde OF-matriks voer. Omdat die som-van-produkte vorm haas enige Boole oordragfunksie kan uitdruk, word die PMLs se

gebruike slegs beperk deur die aantal terme beskikbaar in die EN en OF matrikse (Coates, 1988: 668).

PML hek matrikse is beskikbaar in verskeie groottes met beide aktief hoë en aktief lae uitset konfigurasies. Figuur 2.4 illustreer so 'n hek matriks met 'n aktief hoë uitset.



Fig 2.4: Hek matriks

2.5.2.2 PROGRAMMEERBARE I/U

Die maksimum moontlike aantal insette en uitsette by PMLs is nie altyd vas nie. Toestelle, soos die 16L8, is beskikbaar waarvan die uitsette ook as insette gebruik kan word soos bespreek in paragrawe 2.5 en 2.5.1. Figuur 2.5 is 'n voorbeeld hiervan. 'n Driestaat uitsetbuffer bepaal die rigting van datavloei wat die toestelle geskik maak vir

bewerkings soos skuif en rotering van serie data (Levy, 1986: 31).



Fig 2.5 Programmeerbare I/U.

2.5.2.3 REGISTER UITSET MET TERUGVOERING

Van die PMLs (soos die 16R8) het register uitsette met terugvoering (figuur 2.6). Elke som-van-produkte uitset word gestoor in 'n D-tipe wipkring tydens die leirand van die klokpuls. Die Q uitset van die wipkring kan dan na die uitsetpen deurgelaat word deur die aktief lae tristaat buffer te aktiveer.

Die nie-Q uitset van die wipkring word teruggevoer na die PML matriks as 'n insetveranderlike. Die terugvoering stel die PML in staat om die vorige staat te "onthou" en sodoende sy funksie te wysig as 'n resultaat van daardie staat. Dit laat die ontwerper toe om 'n PML te programmeer om funksies

soos optelling en aftelling uit te voer (Birkner & Coli, 1983: 1.9).



Fig 2.6 Register uitset met terugvoering.

2.5.3 PML TEGNOLOGIE

National Semiconductor PMLs word vervaardig deur van dieselfde hoë-volume tegnologie gebruik te maak as wat gebruik word tydens die vervaardiging van PLAGs. Die insette bestaan uit PNP transistors. Al die uitsette is standaard TTL drywers met interne aktiewe-optrektransisters (Progammable Logic Databook by National Semiconductor, 1983: 24.11).

Emitter-gekoppelde-Logika (EKL) het gelei tot belangrike deurbrake in die vermindering van voortplantingsvertraging. EKL bied meer spoed en verwante voordele as enige ander tipe logikakring. National Semiconductor bied 'n verskeidenheid van EKL PMLs aan (Burton, 1990: 95).

'n Alternatief tot PMLs is Harde matriks logika (HML). HML is soortgelyk aan PMLs, maar verskil in die opsig dat dit masker programmeerbaar is. Die HML is 'n koste-effektiewe oplossing indien groot getalle van dieselfde ontwerp verlang word. Dit is uniek in die sin dat dit 'n hekmatriks is met 'n programmeerbare prototipe (Birkner & Coli, 1983: 1.11). Dit wil sê dat 'n PML geprogrammeer word en indien dit korrek fuksioneer word dit as 'n prototipe gebruik om 'n klomp HMLs te vervaardig.

2.5.4 KEUSE VAN PML

Voordat 'n PML geselekteer word vir gebruik in 'n kring, is die ontwerper verplig om die volgende twee waarnemings omtrent die logikakring te maak:

- Die aantal insette en uitsette na en van die kring moet minder of gelyk wees aan die insette en uitsette van die PML.
- Die aantal produkterme en die verpreiding daarvan na die OF-hekke moet in aanmerking geneem word (Jay, 1986: 67).

Die finale keuse t.o.v. watter toestel om te gebruik sal van spoed, drywingsdissipasie en koste afhang.

2.5.5 PROGRAMMERING VAN PMLs

Die meeste moderne programmeerders word gebruik in samewerking met programmeringsagteware soos PALASM, ABEL en CUPL. Hierdie sagteware stel 'n sekeringskaart in JEDEC formaat saam wat dan d.m.v. 'n RS232 koppeling na 'n PML programmeerder oorgedra word (Jordaan, 1988: 15).

Die eenvoudigste sagteware laat die gebruiker toe om die sekerings wat gesmelt moet word te kies. Die gebruiker moet dus bepaal watter sekerings gesmelt moet word om die verlangde logika werking te verkry. Beter sagteware pakkette laat toe dat 'n Boole uitdrukking gespesifiseer word. Die uitdrukking word dan geminimaliseer en omskep in 'n sekeringskaart wat gebruik word om die PML te programmeer (Horowitz & Hill, 1989: 504).

Die volgende prosedure word gevolg tydens die programmering van 'n PML:

- 'n Logikafunksie word in die vorm van som-van-produkte geskryf.
- 'n PML word geselekteer.
- 'n Sekeringskaart word saamgestel en grafies vertoon (hierdie stap word soms uitgelaat).
- Die sekeringskaart word omgeskakel na 'n JEDEC formaat.

• JEDEC lêer word na die programmeerder oorgedra d.m.v 'n RS232 koppeling en die PML word geprogrammeer.

2.5.5.1 JEDEC FORMAAT

Die formaat wat gebruik word om sekeringskaart-inligting oor te dra na die programmeerder is die JEDEC Standaard No.3-A (Standaard data oordrag tussen die data voorbereidingsisteem en 'n programmeerbare logika programmeerder). 'n Tipiese JEDEC lêer word in Figuur 2.7 uitgebeeld.

```
•Ontwerp deur: G.J. Booysen
Datum ontwerp: 22-02-1993
Part Nommer: PAL16r8
*
QP20*
QF2048*
G0*
F0*
L0512 01111111111111111111111111111111*
L0554 11111111110111011111111111111111*
L0576 11111111110111011111111111111111*
L0768 01111111111111111111111111111111*
L0800 11111111111110111111111111111111*
C12DE*
V0001 XXXXXXXXXN1LLLLZZLLN*
V0002 C1XXXXXXXN0LLLLLLLLN*
V0003 C0XXXXXXXN0LLLLHLLLN*
♥0000
```

Fig. 2.7: JEDEC lêer

'n Jedec lêer bestaan uit die volgende:

- Begin-van-teks karakter (ASCII 02 hex).

- 'n Aantal velde wat met een of twee karakter-identifiseerders begin en eindig met 'n asterisk (*).
- Einde-van-teks karakter (ASCII 03).
- 'n Viersyfer heksadesimale transmissie kontrolegetal.

Tabel 2.1 is 'n samevatting van die JEDEC veld-identifiseerders.

Tabel: 2.1 JEDEC veldidentifiseerders

Identifiseerder	Beskrywing
<Geen>	Ontwerpspesifikasie
QP	Die aantal penne van toestel
QV	Die totale aantal toetsvektore
QF	Die totale aantal sekerings
G	Sekuriteitsekering
F	Aanvanklike sekeringswaarde
L	Sekeringslys
C	Sekering kontrolegetal
V	Toetsvektore

Die eerste veld na die begin-van-teks karakter is die ontwerpspesifikasies. Dit bevat informasie soos die ontwerper se naam, die datum, ens. Die veld eindig met 'n asterisk.

Die G veld spesifiseer of die sekuriteitsekerings van die toestel gesmelt moet word of nie.

Die F, L en C velde spesifiseer die sekeringskaart informasie as volg:

- Die F veld spesifiseer die sekeringswaarde d.w.s 'n een of 'n nul, wat gebruik word vir die sekeringsposisies wat nie gespesifiseer word in die sekeringslys nie (L veld).
- Een of meer L velde spesifiseer die sekeringskaart data. Die desimale getal na die L karakter is die aanvanklike sekeringswaarde vir daardie veld. Die desimale getal word gevolg deur 'n spasie en 'n lys 0 en 1 waardes. 'n Sekeringswaarde van 0 dui aan dat die sekering ongeskonde bly terwyl 'n 1 aandui dat die sekering geblaas moet word.
- Die C veld spesifiseer 'n viersyfer heksadesimale sekering kontrolegetal. Die kontrolegetal word bereken slegs vanaf die sekeringlys data in die L veld. Hierdie kontrolegetal verskil van die globale transmissiekontrolegetal wat na die einde-van-teks karakter verskyn.

Die volgende V veld is opsioneel en spesifiseer die toetsvektor data van die ontwerp. Die desimale getal na die V karakter is die toetsvektornommer. Die toetsvektore sal aangewend word volgens hul nommers en nie volgens die volgorde waarin hul in

die JEDEC lêer verskyn nie. Die vektornommer word gevolg deur 'n spasie en 'n lys toetsvektore.

2.6 OPSOMMING

Die gebruik van PLTe verminder die totale aantal komponente in 'n ontwerp en gee dus aanleiding tot kleiner gedrukte stroombane en verbeterde betroubaarheid (Meyer, 1988a: 59). Dus verhoog die vertroue in die sisteem terwyl die koste daarvan verlaag.

Elkeen van die subfamilies bv: LAGs, PLMs en PMLs het spesifieke voordele. LAGs is bruikbaar waar die spesifikasie 'n woordstruktuur formaat het of waar 'n groot aantal produkterme verlang word. PLMs is die mees buigsame tipe omdat alle produkte gedeel kan word. Die PML is egter dikwels die beste keuse van die drie omdat die PML meer ekonomies is om te gebruik met tipies die kortste voortplantingsvertraging (Bolton, 1990: 150).

HOOFSTUK 3

SIMULASIE VAN ELEKTRONIESE KRINGE

3.1 INLEIDING

Simulasie is 'n alledaagse verskynsel wat op verskeie terreine toegepas word. Deur simulasie word gepoog om die werklike situasie na te boots teen 'n relatief lae koste. Die resultaat van die simulasieproses sal nie noodwendig presies ooreenstem met wat in die praktyk ondervind word nie, maar dit gee 'n goeie aanduiding van wat verwag kan word. Simulasie word gedefinieer as 'n kwantitatiewe prosedure waardeur 'n werklike proses of situasie omskryf word deur 'n model van daardie proses of situasie op te stel en die werking van die proses oor die verloop van 'n bepaalde tydsduur na te boots ten einde die gedrag van die werklike proses te voorspel (Redelinghuis, et al, 1985: 389).

3.2 DIE AARD VAN SIMULASIE

Ten einde die verwagte werking van 'n kring of proses (algemeen na verwys as 'n stelsel of sisteem) te voorspel moet 'n aantal aannames gemaak word van hoe dit funksioneer. Hierdie aannames, wat gewoonlik die vorm van wiskundige of logiese verwantskappe aanneem, vorm 'n

model wat gebruik word om begrip vir die werking van so 'n sisteem te verkry. Indien die verwantskappe wat so 'n model uitmaak relatief eenvoudig is, is dit moontlik om van wiskundige metodes gebruik te maak om akkurate inligting te bekom op vrae van belang. Dit word die analitiese metode genoem.

Daar is egter sisteme wat te kompleks is om deur middel van realistiese modelle analities geëvalueer te word en hierdie modelle moet deur middel van simulasie ondersoek word. By simulasie word 'n rekenaar gebruik om 'n model numeries te evalueer en data word versamel om 'n skatting te maak van die korrekte karakteristieke wat verlang word van die model.

Simulasie van sisteme is 'n algemene gebruik in navorsing, ingenieurswese en die bestuurswetenskappe. 'n Nog wyer aanvaarding en benutting van simulasie word egter deur 'n aantal faktore verhoed. Modelle wat gebruik word om groot sisteme te ondersoek, is soms baie kompleks en om rekenaarprogramme te skryf om dit te simuleer is baie veeleisend. Die ontwikkeling van uitstekende sagtewareprodukte wat voorsien in baie van die eienskappe wat benodig word vir die kodering van so 'n simulasiemodel het egter hierdie taak in die onlangse verlede aansienlik vergemaklik.

Simulasie van komplekse sisteme neem baie rekenaartyd in beslag. Hierdie probleem word egter minder ernstig namate

die koste van rekenaars en rekenaartyd afneem. Laastens bestaan daar ongelukkig die indruk dat simulasie slegs 'n oefening - alhoewel 'n gekompliseerde een - in rekenaarprogrammering is (Law & Kelton, 1991: 1).

Simulasie van komplekse kringe vind baie stadiger plaas as die spoed waarteen die werklike kringe funksioneer. 'n Streng funksionele simulasie van 'n elektroniese kring, waar daar aangeneem word dat al die komponente zero vertraging het, is relatief vinnig, maar 'n baie meer realistiese simulasie, waar al die slegste-geval strek van vertragings vir alle seinpaaie bereken en oorweeg word, is baie stadiger (Wakerly, 1990: 662).

3.3 SIMULANTDATABASIS

Enige simulant maak gebruik van 'n databasis om sekere inligting oor alle komponente waarvan die werking gesimuleer kan word te stoor. By geïntegreerde kringe kan so 'n databasis byvoorbeeld 'n komponentmodel bevat wat die toestelle se logiese en elektriese werking beskryf. Die minimum wat so 'n komponentmodel van 'n geïntegreerde kring moet bevat is die identifisering van elke pen as uitset of inset. Die komponentdatabasis kan ook die slegste-geval vertragingswaarde vir elke inset-na-uitset, asook die opstel- en houtye vir toestelle wat van 'n klokpuls gebruik maak, voorsien.

Die data beskikbaar in die databasis word deur die simulant aangewend om die algehele werking van die kring vir 'n gegewe reeks insette te voorspel. Die ontwerper verskaf 'n reeks insette wat op die kring toegepas kan word en die simulantprogram bepaal hoe die kring sal funksioneer op sodanige insette. Op hierdie manier is dit moontlik om 'n hele kring te ontfout sonder enige kraaineskonstruksie, en om 'n gedrukte kring te monteer wat die eerste keer reg behoort te werk (Wakerly, 1990: 661).

3.4 SIMULASIE VAN ANALOOGKRINGE

'n Aantreklike manier om 'n analoogkring te analiseer is d.m.v. rekenaarsimulasie. 'n Rekenaar is in staat om van gedetailleerde modelle van verskeie komponente gebruik te maak tydens kringanalise. Dit kan fisiese faktore soos temperatuurafhanklikheid en komponent toleransies infaseer tydens 'n simulasieproses. Met die toenemende gebruik van persoonlike rekenaars en verwante sagteware het simulasie 'n populêre tegniek geword op baie gebiede van kring analisering en ontwerp (Savant, Roden & Carpenter, 1991: 27).

Kringsimulante gebruik elektriese elemente as basiese elemente. Die mees gewilde analoog kringsimulant is die Berkeley SPICE program wat haas enige diskrete komponent as basiese element gebruik. SPICE is 'n groot en kragtige

meerdoelige kringsimulasieprogram vir gelykstroom, wisselstroomtransiënte en Fourier-analises. Kringe kan bestaan uit weerstande, kapasitors, induktors, diodes, afhanklike en onafhanklike spanning- en stroombronne, sowel as ander halfgeleiertoestelle (Scott, 1987: 703).

Ander rekenaar simulasieprogramme soos PSPICE en MICRO-CAP III is beskikbaar vir simulasie van analoogkringe. 'n Groot verskil tussen die verskillende simulasieprogramme is die manier waarop die kringe geteken word. SPICE vereis dat die gebruiker die komponente spesifiseer in terme van die nodes waaraan hulle verbind is terwyl MICRO-CAP III die gebruiker toelaat om die kring direk op die rekenaarskerm te teken (Savant, et al, 1991: 27).

3.5 SIMULASIE VAN DIGITALE TOESTELLE

Tydens die ontwerp van digitale sisteme is die koste en tydsvertraging betrokke in die produksie van hardeware te hoog om ontwerp d.m.v. gissing en vergissing toe te laat. Tog moet elke poging aangewend word om ontwerpfoute op te spoor en te korrigeer. Rekenaarsimulasies is baie bruikbaar vir hierdie doel (Unger, 1989: 255).

Om 'n uitset te verskaf benodig 'n logikasimulant twee insette. Die eerste inset verskaf 'n logikabeskrywing van die kring onder evaluering, terwyl die tweede 'n

toetspatroon van logika ene en nulle bevat wat op die insette van die kring verlang word. Die simulant plaas die ene en nulle in die sagtewaremodel en verskaf 'n verwagte uitset in die vorm van logikavlakke (Meyer, 1988b: 65).

By logika analise is dikwels slegs die logiese funksie van die toestelle van belang en daar word aangeneem dat al die hekke dieselfde vertragingstyd het. Omdat die tydsvertraging hier nie in berekening gebring word nie is hierdie tipe simulasie net bruikbaar om die logiese korrektheid van 'n ontwerp te verifieer. Indien die logies korrekte ontwerp verkry is, kan 'n tydanalise uitgevoer word. Hierdie sagteware program bereken die node-tot-node vertraging op 'n soortgelyke wyse as wat die ontwerper dit met die hand kan bereken (Schilling, et al, 1989: 866).

3.5.1 SIMULANT TIPES

Die doel van simulasiesagteware is om die korrektheid - tot 'n meerdere of mindere mate en op verskillende vlakke van logikaverteenwoordiging - van 'n ontwerp te bevestig. 'n Aantal verskillende tipes simulante is oor die jare ontwikkel. Hierdie simulante verskil van mekaar t.o.v. hul doel en die basiese elemente wat hulle gebruik om die logika te verteenwoordig. Die simulante kan in die volgende tipes ingedeel word:

- Hekvlaksimulante
- Funksionele en gemengde-modus simulante

3.5.1.1 HEKVLAKSIMULANTE

Daar word van twee benaderings by die hekvlaksimulantsagteware gebruik gemaak. Enersyds word twee aparte programme gebruik om die logika-analise en tydanalise uit te voer. Alternatiewelik word 'n gekombineerde program gebruik om albei analises uit te voer.

Parameters soos logikafunksies, insetkapasitansie, voortplantingsvertragings, ens. is belangrike parameters vir die hekvlaksimulant en word in 'n databasis gestoor. Hierdie parameters word gebruik as insetdata vir die simulant.

Insette na die simulant, soos voorgestel in figuur 3.1, is die vergelyking wat deur die logikasagteware gegenereer word, die insetstimulus en die data in die databasis. Die simulant voer logika- sowel as tydanalise uit deur van die insette gebruik te maak.



Fig. 3.1: Blokdiagram van 'n hekvlak simulant

3.5.1.2 FUNKSIONELE EN GEMENGDE-MODUS SIMULANTE

Groot ontwerpe maak gewoonlik van gemeenskaplike funksionele blokke soos ewe toeganklike geheues (ETG), lees alleen geheues (LAGs), rekenkundige en logiese eenhede (RLE), ens. gebruik. Dus kan die simulasietyd van die sentrale verwerkeenheid verminder word aangesien 'n blokbou benadering gevolg word. Sodra 'n groot blok ontwerp, en op kring- of hekvlak gesimuleer is, kan 'n funksionele model geskep word wat in die plek van 'n blok geplaas word vir totale kringsimulasie. Funksionele-simulante is simulante wat groot

blokdefinisies kan akkommodeer en geïntegreerde werking van 'n kring kan simuleer in terme van groot blok inset- en uitsetseine (dus 'n hiërargiese benadering).

Simulante wat 'n mengsel van hierdie groot blokke en elementêre hekke kan akkommodeer word gemengde-modus simulante genoem.

3.5.2 KOMPONENTMODELLE

Simulante maak van verskillende komponentmodelle, wat in die databasis gestoor word, gebruik. Funksies word deur die simulant opgestel en opgelos deur gebruik te maak van hierdie modelle en die kringstruktuur. Digitale simulante maak gewoonlik gebruik van een van die volgende modelle vir elke logika element:

3.5.2.1 GEDRAGSMODEL

'n EN hek lewer byvoorbeeld 'n "1", na die nodige vertraging, as uitset indien al die insette verander het na 'n "1". Hierdie tipe beginsel word deur die gedragsmodel uitgevoer en word tydens simulasie gebruik.

3.5.2.2 STRUKTUURMODEL

Groter elemente kan gemodelleer word as 'n versameling van kleiner elemente met gedefinieerde gedragsmodelle. 'n 74LS138 3-tot-8 dekodeerder kan byvoorbeeld gemodelleer word as 'n reeks hekke wat volgens die interne logikakring gekoppel is. Alternatiewelik kan die dekodeerder 'n gedragsmodel hê wat uit 'n waarheidstabel en tydinformasie bestaan.

Bogenoemde modelle word sagtewaremodelle genoem omdat die totale werking van die geïntegreerde kringe deur sagteware gesimuleer word.

3.5.2.3 FISIESE MODEL

By 'n fisiese model word die geïntegreerde kring self aan die rekenaar, wat die simulasie uitvoer, gekoppel. Die rekenaar verskaf insette aan die kring en bepaal die uitsette - wat dan as insette vir ander modelle in die simulasieproses gebruik word (Wakerly, 1990: 661).

3.5.3 SIMULASIE VAN PROGRAMMEERBARE LOGIKA TOESTELLE

'n Goeie logikasimulant kan 'n groot verskil maak in die algehele resultate wat verkry word met programmeerbare logika toestelle (PLTe). 'n Simulant kan ontwerpfoute opspoor voordat 'n toestel geprogrammeer word en sodoende die koste en tyd spaar wat dit sou neem om die toestel te programmeer. Indien die simulant vinnig en maklik is om te gebruik kan dit die ontwerper aanmoedig om met nuwe ontwerpe en tegnieke te eksperimenteer wat tot beter oplossings van ontwerpprobleme kan lei (Burton, 1990: 171).

Wanneer die verlangde funksie van 'n PLT gespesifiseer is, en die funksie is in 'n sekeringkaart saamgestel, is dit wenslik om te verseker dat die toestel sal funksioneer soos verwag indien geprogrammeer. In die afwesigheid van wiskundig-gebaseerde metodes om die werking van die kring te voorspel moet daar op simulasie vertrou word (Bolton, 1990: 323).

Simulasie kan nie effektief met die hand gedoen word nie - veral nie t.o.v volgorde logika ontwerpe nie. Aangesien dit moontlik is om 'n simulasie te voltooi wat nie werklik die kring se werking aanspreek nie, is dit noodsaaklik om nie net 'n baie goeie idee te hê van wat in die kring moet gebeur nie, maar 'n uitstekende idee van wat nie moet gebeur nie (Barwise, 1987: 25).

'n PLT toestel hoef nie noodwendig gesimuleer te word voor programmering nie. Die kanse is egter goed dat so 'n toestel nie soos beoog sal funksioneer nie. Vanaf die simulasieresultate kan foute, byvoorbeeld 'n foutiewe pendefinisie, maklik opgespoor word. Meer komplekse foute, soos onverlangde logika werking van 'n toestel, kan ook deur inspeksie van die resultate opgespoor word. Die simulasie verhoog nie alleen die vertrouensvlak rondom 'n nuwe ontwerp nie, maar dit gee ook vertroue in die programmeringsproses (Frost, 1989a: 502).

ABEL is 'n sagtewarepakket wat gebruik maak van 'n hardeware beskrywingstaal (hardware description language) vir die ontwerp en simulering van logika sisteme t.o.v PLTe. 'n Hardeware beskrywingstaal is 'n beskrywende nutsprogram wat van sagteware gebruik maak om die werking van die hardeware van 'n ontwerp te beskryf. ABEL laat twee tipes simulasies toe, naamlik die simulasie van die funksies - waar ontfouting kan geskied nog voordat 'n toestel gekies is - en simulasie van die JEDEC lêer wat die ontwerp simuleer met die gekose toestel. Simulasie-uitsette kan vertoon word in tabelvorm of as golfvorms (Anderson, 1991: 927).

3.5.3.1 SIMULASIE SOOS AANGESPREEK IN PROJEK

'n PML-sagtewarepakket soos PALASM2 maak gebruik van 'n teksredigeerder waarin die PML ontwerp beskryf word. Na die ontwerpbeskrywing kan die simulasieproses in dieselfde teksredigeerder beskryf word. Hierna word die beskrywing gekompileer na 'n JEDEC lêer (Greiner & Schmitz, 1984: 248). Ander sagteware pakkette soos ABEL, CUPEL en AMAZE maak ook gebruik van teksredigeerders en werk op 'n soortgelyke wyse as PALASM2.

Die sagteware wat tydens die projek ontwikkel is verskil radikaal van bogenoemde pakkette. Daar word van geen teksredigeerder gebruik gemaak om 'n JEDEC lêer te kompileer of om 'n simulasie uit te voer nie. Die sagteware wat die JEDEC lêer skep en die simulantsagteware staan heeltemal onafhanklik van mekaar.

Die ontwikkelde simulant maak gebruik van drie insette om 'n uitset te lewer. Die volgende is 'n kort beskrywing van die werking van die simulant.

Die eerste inset is die JEDEC lêer wat in die rekenaar se geheue ingelees word. Daar is tydens die projek sagteware ontwikkel wat so 'n JEDEC lêer kan saamstel vanaf die betrokke Boole uitdrukkings

wat in 'n PML gerealiseer moet word.

Die volgende inset na die simulant is die PML spesifikasies wat vanaf die PML-databasis verkry word. Sagteware is ook ontwikkel om 'n PML-databasis daar te stel.

Die laaste inset na die simulant is die simulasievektore wat deur die gebruiker self ingevoer word in die vorm van logika ene en nulle.

Hierdie insette na die simulant word dan deur die simulant verwerk en die resultaat word in die vorm van 'n waarheidstabel verskaf.

3.5.3.2 TOETSING

Die toetsing en simulasie van PLTe moet nie verwar word nie. Simulasie van 'n PLT moet plaasvind voordat die PLT geprogrammeer word, terwyl toetsing na programmering plaasvind.

'n Probleem bestaan om te bevestig dat daar geen foute as gevolg van kringdefekte is na programmering van 'n PLT nie. Die simulasievektore is dikwels onvoldoende vir hierdie taak en generering van die verlangde toetsvektore moet verkieslik deur 'n toetsvektorgenereringsprogram

gedoen word. 'n Hele aantal toetsvektorgenerator algoritmes is al bekend gestel waarvan die belangrikste die D-Algoritme, Podem (Path-Oriented Decision Making) en FAN is (Smit, 1992: 39).

Die kringdefekte waarna in die vorige paragraaf verwys word is defekte wat tydens die vervaardigingsproses van die PLT ontstaan het. 'n Sekering kan byvoorbeeld ontbreek waar daar wel een moes wees.

Na programmering van 'n PLT moet 'n reeks toetsvektore - wat bestaan uit 'n reeks insette en verwagte uitsette - gegenereer word. Toetsvektore kan gegenereer word deur die verskaffing van die insetstimulis na die simulant en die verkryging van die ooreenstemmende uitsetgedrag. Tipiese toetsvektore bevat so veel as 16000 stimuli en response om bevredigende toetsing vir komplekse ontwerpe te verseker.

Daar word van twee benaderings tot sagteware gebruik gemaak om 'n komplekse ontwerp te toets naamlik; node-skakeling analise en vasgeklem-by (stuck-at) analise (Schilling, et al, 1989: 874).

gedoen word. 'n Hele aantal toetsvektorgenerator algoritmes is al bekend gestel waarvan die belangrikste die D-Algoritme, Podem (Path-Oriented Decision Making) en FAN is (Smit, 1992: 39).

Die kringdefekte waarna in die vorige paragraaf verwys word is defekte wat tydens die vervaardigingsproses van die PLT ontstaan het. 'n Sekering kan byvoorbeeld ontbreek waar daar wel een moes wees.

Na programmering van 'n PLT moet 'n reeks toetsvektore - wat bestaan uit 'n reeks insette en verwagte uitsette - gegenereer word. Toetsvektore kan gegenereer word deur die verskaffing van die insetstimulis na die simulant en die verkryging van die ooreenstemmende uitsetgedrag. Tipiese toetsvektore bevat so veel as 16000 stimuli en response om bevredigende toetsing vir komplekse ontwerpe te verseker.

Daar word van twee benaderings tot sagteware gebruik gemaak om 'n komplekse ontwerp te toets naamlik; node-skakeling analise en vasgeklem-by (stuck-at) analise (Schilling, et al, 1989: 874).

3.6 OPSOMMING

In sekere gevalle is dit nie moontlik om 'n stelsel wiskundig te analiseer nie. Derhalwe word van simulasie gebruik gemaak om die verwagte werking van die stelsel te bepaal. 'n Voorbeeld hiervan is die simulering van programmeerbare logika toestelle waarvoor daar geen wiskundig-gebaseerde metodes vir analisering bestaan nie.

'n Probleem t.o.v. die gebruikmaking van programmeerbare logika toestelle is die duur toerusting wat benodig word. Dit kan moeilik geregverdig word vir 'n klein ontwikkelingslaboratorium of opvoedkundige instellings (Coates, 1988: 668).

Die sagteware wat tydens die projek ontwikkel is bied 'n oplossing tot bogenoemde probleem. Enige persoon met toegang tot 'n persoonlike rekenaar kan m.b.v. hierdie sagteware 'n JEDEC lêer saamstel en die ontwerp simuleer. Die JEDEC lêer word ook gebruik om die PML te programmeer. Indien 'n programmeerder nie beskikbaar is nie, kan die JEDEC lêer na die naaste PML handelaar wat oor 'n programmeerder beskik geneem word om die PML te programmeer.

Bogenoemde moet nie gesien word as 'n omvattende beskrywing van simulasie van programmeerbare logika toestelle nie. Hierdie beginsels is egter tydens die projek aangespreek t.o.v. programmeerbare matriks logika toestelle.

HOOFSTUK 4

SAGTEWARE

Al die sagteware is geskryf deur gebruik te maak van Turbo Pascal 6.0. Die sagteware wat tydens die projek ontwikkel is bestaan hoofsaaklik uit vier programme nl:

- Hoofprogram
- PML-databasisprogram
- Sekeringkaartprogram
- Simulasieprogram

4.1 HOOFPROGRAM

Hierdie program voorsien 'n menu vanwaar 'n keuse gemaak kan word tussen drie opsies. Die eerste opsie is om 'n PML se data by die PML-databasis te voeg. Met die tweede opsie kan 'n sekeringkaart saamgestel en in 'n JEDEC-lêer gekompileer word. Laastens is daar 'n keuse om die werking van 'n PML te simuleer vanaf inligting in 'n JEDEC lêer. 'n Uitdruk van die program kan in Bylaag A gesien word terwyl Figuur 4.1 die basiese uitleg van hierdie program toon.



Fig. 4.1: Struktuurkaart van hoofprogram

4.2 PML-DATABASISPROGRAM

Die PML-databasisprogram word opgedeel in 'n aantal subprogramme en roetines. Bylaag B is 'n uitdruk van hierdie program. Die subprogramme is as volg:

- Databasissubprogram
- Verifikasie-subprogram
- Redigeringsubprogram

4.2.1 DATABASISSUBPROGRAM

Die doel van hierdie program is om 'n databasis daar te stel vir al die tipes PMLs wat deur die gebruiker van die sagteware gebruik kan word. Tydens simulasie en die ontwikkeling van die sekeringkaart, word toegang tot die PML-databasis verkry en kan een van die PMLs wat in die databasis voorkom geselekteer word. Op hierdie wyse was dit moontlik om 'n program vir die ontwikkeling van 'n sekeringkaart en simulasie te ontwikkel wat onafhanklik is van die tipe PML wat gebruik word.

